

# UNIEKE SENDINGGELD

## Matty Esterhuysen



Griekwamunte wat in 1815 en 1816 geslaan is. Die boonste muntstuk toon die aantreklike ontwerp van die voorsy en onder is die keersy van die verskillende munte te sien

EN van die grootste muntversamelings in Suid-Afrika is in die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum in Pretoria gehuisves. Dit bevat volledige stelle van uiters skaars munte, o.a. 'n stel Griekwa-munte en -banknote waarvan die geskiedenis baie interessant is.

Die stigting van 'n sendingstasie by Klarwater (noord van die Oranjerivier, vandag Kimberley) het sy oorsprong gehad in 'n deputasie van Baster-Hottentotte wat in 1799 by drie sendelinge van die London Missionary Society wat toe net in Kaapstad gearriveer het, gaan pleit het om hul mense te help wat by Klarwater gevestig was. Hierdie sendelinge het na die Kaap gekom met die opdrag om sendingstasies in die Kaffrariase gebied by die Zakrivier te stig. Daarom is 'n sendingstasie by Klarwater eers vier jaar later gevestig, in 1803.

Die Baster-Hottentotte het voor die stigting van die sendingstasie hoofsaaklik van jag en diefstal geleef. In 1804 het hulle egter hul nomadiese bestaan laat vaar en hulle onder leiding van 'n sendeling op een bepaalde plek gevestig waar hulle geleer is om klere te dra, huise en geboue op te rig en landbou te beoefen.

In 1813 het 'n direkteur van die

London Missionary Society, eerw. John Campbell, Suid-Afrika op 'n inspeksiereis besoek. In sy boek, **Travels in South Africa undertaken at the request of the London Missionary Society**, skryf hy dat 'n vergadering gehou is waar al die manlike inwoners van die nedersetting op Klarwater teenwoordig was. Onder sy leiding het hulle besluit dat wette uitgevaardig moes word om hulself en hul besittings te beveilig. Daar is ook besluit om die benaming Basters na Griekwas te verander. Die hoofdorp, Klarwater, se naam is ook na Griekwastad verander en die gebied is Griekwaland-Wes genoem.

Op 13 Februarie 1814 keer eerw. Campbell na Engeland terug en laat op eie inisiatief munte van vier waardes vir die Griekwas slaan. Dit was die eerste en enigste sendinggeld wat ooit geslaan en gebruik is. Wat hierdie geld nog interessanter maak, is dat dit in eenhede van tien gemunt is. Die rede hiervoor was waarskynlik dat die Griekwas net tot tien op hul vingers kon tel.

Die munte het bestaan uit twee silwermuntstukke (10d en 5d) en twee kopermuntstukke ( $\frac{1}{2}$  en  $\frac{1}{4}$  d) wat in 1815 en 1816 onderskeidelik in twee besendings uit Londen ontvang is.

Die feit dat daar nie 'n datum op die munte aangebring is nie, dui

daarop dat die stempels vir verdere gebruik bedoel was. Hierdie stempels is inderdaad twee jaar lank gebruik. Daarna is die meeste Griekwamunte opgesmelt omdat die Griekwas nie die waarde van geld wou besef nie.

Slegs 'n klein hoeveelheid Griekwageld het behoue gebly en, sover bekend, is daar net vier muntversamelings in Suid-Afrika waarin volledige stelle van hierdie unieke munte is. Die kopermuntstukke is skaarser as dié van silwer, en daaruit kan moontlik afgelei word dat minder kopermunte geslaan is, waarskynlik omdat die Griekwas die blinker munte bo die dowwer rooikoperstukke verkies het.


Ten gevolge van droogtes en opstande tussen Korannas, Hottentotte en ander stamme is die sendingstasie in ongeveer 1818 ontruim en die Griekwas se betreklik welvarende lewe was iets van die verlede.

In 1863 het 'n groep van hulle tot by Mount Currie naby Kokstad, op die suidelike grens van Natal, getrek. Op dié manier het hulle Britse onderdane geword, hoewel hulle nog hul eie volksraad behou het. In 1867 het die volksraad van Adam Kok besluit om papiergeld te druk, maar dit het nooit in sirkulasie gekom nie.

Die Nasionale Kultuurhistoriese



'n Banknoot ter waarde van tienduisend pond sterling wat deur Adam Kok laat druk is. Die datum is 1 Januarie 1868, dus honderd jaar gelede



Mnr. J. de Villiers Roos

en Opelugmuseum in Pretoria besit 'n hele aantal van hierdie banknote wat ongedateer en ongeteken is. Die banknote is deur Saul Solomon en Kie, van Kaapstad gedruk, 'n firma wat byna al die banknote van daardie tyd gedruk het.

Griekwaland-Wes is in 1871 onder Britse bestuur geplaas. Waterboer, hoof van die Griekwas, se grense het verskuif tot wes van die Hartsvier en tot aan die Platberg. Deel van die Oranje-Vrystaat het dus sy eiendom geword.

In 1876 het die regering van Waterboer voorgestel dat nikkelpennies en -halfpennies in Griekwaland-Wes in gebruik geneem moes word. Hierdie voorgestelde nikkelmunte sou agtkantig wees om verwarring te voorkom met die silwergeld wat toe in ander dele van die land in gebruik was. Die munte sou geen benaming hê nie en sou dus ook in die res van die land gebruik kon word, indien nodig. Die Britse regering het die aanbeveling egter afgekeur op grond daarvan dat nikkel te duur was en voorgestel dat geld van Natal gebruik moes word, maar hierdie voorstel is nooit tot uitvoering gebring nie.

In 1890 is daar ook brons-proefpennies vir Griekwaland-Wes in Berlyn geslaan met koningin Victoria se „jongkop“ sonder die kroon daar-

op. Die pragtige ontwerp op die keersy was dieselfde as wat op die eertydse Griekwamunte van 1815-16 gebruik is, naamlik die duif met 'n olyftakkie in die bek en die woorde **Griqua Town**. Sover bekend is hierdie munte nooit in gebruik geneem nie, want Britse geld was toe reeds oor die hele Suid-Afrika in omloop.

Op 'n onlangse muntveiling in Nederland is een van hierdie proefpennies van Griekwaland-Wes teen R85 verkoop.

'n Stel Griekwamunte is deur mnr. J. de Villiers Roos, voormalige Kontroleur en Ouditeur-generaal van Suid-Afrika, aan die museum nagelaat. Die 5d-stuk is ongeveer 1925 op 'n Londense veiling teen £4 aangekoop, wat toe al as 'n besonder hoë prys beskou was.

Daar is onlangs opgemerk dat die oppervlak van die twee silwermunte afskilfer. Dit het die munt se eegtheid onder verdenking geplaas. Spektroskopiese en mikroskopiese toetse het aan die lig gebring dat die afskilfering te wyte was aan die vernis op die munte. Hulle is waarskynlik nie goed skoon gemaak voordat die vernis aangewend is nie; gevolglik het korrosie onder die vernis ontstaan.

'n Interessante feit is ook dat die munte se silwer-gehalte geweldig

hoog is. Daar is net 'n klein persentasie tin by.

Die kopermuntstukke is van suiwer koper geslaan. Gewoonlik is koper te sag vir 'n muntstuk en word sink bygevoeg om 'n allooi te vorm wat geelkoper genoem word. Hierdie Griekwamuntstukke bestaan egter uit suiwer koper.

Vandag is hierdie sendinggeld van die Griekwas 'n uiters gesogte item onder muntversamelaars en hulle kom seer selde, indien ooit, op die mark.

#### BRONNE GERAADPLEEG

*Atkins' Coins of British Possessions and Colonies.*

J.T. Becklake, *From Real to Rand* Mej. Shaw, S.A. Museum, Kaapstad, — 'n *Geskiedenis van Betaalmiddels in Suid-Afrika.*

Howard W.A. Linecar, *British Commonwealth Coinage Numismatic Circular*, Spink & Sons, 1926—27.

*Annals*, Transvaal Museum, 1910.

Nasionale Kultuurhistoriese Museum se banknootversameling.

H. Alexander Parsons, *The Coinage of Griqualand.*

D.W. Kruger, *Geskiedenis van Suid-Afrika*

**MATTY ESTERHUYSEN**



# UNIQUE GRIQUA COINS

ONE of South Africa's largest collections of coins is in the National Cultural Historical and Open air Museum in Pretoria, with complete sets of rare pieces, such as Griqua coins and banknotes, of great interest historically.

The establishment of a mission at Klaarwater, north of Kimberley, dates back to 1799, when a deputation of the Bastard Hottentots asked the London Missionary Society to work among them.

Before the arrival of the mission these people lived mainly by hunting and thieving. They gave up their nomadic life in 1804, settled under a missionary, wore clothes, built houses, and farmed.

In 1813 the Rev. John Campbell visited them, and in *Travels in South Africa undertaken at the request of the London Missionary Society* (1815) he described a meeting of all the menfolk at Klaarwater, making laws, assuming the name Griquas, changing Klaarwater to Griquatown, and calling the region Griqualand West.

On his return to England in 1814 Mr Campbell had a coinage struck for them. It was a decimal coinage, with two silver pieces, 10d. and 5d., and two copper,  $\frac{1}{2}$ d. and  $\frac{1}{4}$ d. Minting was stopped when it was realized that Griquas had no appreciation of the value of money.

Due to trouble with neighbouring tribes and drought the mission was abandoned in 1818 and the Griquas reverted to their former way of life.

In 1863 a group moved to Mt. Currie, near Kokstad, becoming British subjects while keeping their assembly. In 1867 Adam Kok's assembly decided to print banknotes but these were never circulated. The museum has a number of them, unsigned and undated.

Griqualand West came under British rule in 1871, and Waterboer, the chief, changed their boundaries to include part of the Orange Free State.

In 1890 bronze specimen pennies were struck in Berlin, with Queen Victoria's head. On the obverse was the design of 1815-16. The coins were not issued.

Exfoliation has been observed in the silver coins, due to the varnish on them. The content of silver is high, and the copper coins are of pure copper.